# Tennis

Die skool skryf jaarliks verskeie senior en junior spanne vir die liga in. Alle spelers ontvang een keer per week gratis, professionele afrigting. Hierdie jaar het ons twee junior en twee seniorspanne.



Mevrou Nadia Knoesen
Tennisorganiseerder

Cochrane Tennis Afrigting (CTC) is al vir die afgelope sewe jaar verantwoordelik vir die afrigting van JV-skooltennis. CTC bied ook aan leerlinge die geleentheid om hulle beste te lewer en tennis as 'n lewenslange leefstyl te ontwikkel.

CTC maak gebruik van Waverley Tennisklub vir afrigting en wedstryde, omdat 'n groot hoeveelheid JV-leerlinge reeds lid is by Waverley Tennisklub.

Ons neem deel teen tennisskole soos Affies, Montana, Woodhill, Garsfontein, Monument en Waterkloof.

## Uitslae:

O/19A ( B3-liga)
1ste plek uit 7 skole

O/15A (B3-liga)
1ste plek uit 7 skole




Die JV's neem ook jaarliks deel aan die JV-Champs, interne tenniskampioenskappe.



